

JUTA SE  
**PARALLEL  
TAALSERIE**

(AFRIKAANS EN ENGELS)

VIR SUIDAFRIKAANSE SKOLE

DEUR

H. H. BROODRYK, B.A.,

LEKTOR IN OPVOEDKUNDE AAN DIE  
UNIWERSITEIT VAN KAAPSTAD.

---

**STANDERD VI.**

**AFRIKAANS.**



**JUTA & KIE, BEPERK, *Uitgewers,***

Opvoedkundige en Algemene Boekhandelaars

**KAAPSTAD.**

Takke: JOHANNESBURG, PORT ELIZABETH EN UITENHAGE.

SKB  
372.6  
BRO

JUT ^

# PARALLEL TAALSERIE

(AFRIKAANS EN ENGELS)

VIR SUIDAFRIKAANSE SKOLE

DEUR

H. H. BROODRYK, B.A.,

LEKTOR IN OPVOEDKUNDE AAN DIE  
UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD.

STANDERD VI.

AFRIKAANS.



**JUTA & KIE, BEPERK, *Uitgewers,***

Opvoedkundige en Algemene Boekhandelaars

**KAAPSTAD.**

Takke: JOHANNESBURG, PORT ELIZABETH EN UITENHAGE.



N000011609

## Voorwoord.

---

In die bewerking van hierdie serie is getrag om die volgende beginsels toe te pas:—

1. Die onderwys in die een taal moet heeltemal afsonderlik gehou word van die onderwys in die ander taal. Die kind moet direk leer dink in die taal wat hy leer. Die vertaal-metode word dus nie gebruik nie.
2. Die korrekte taalvorm of taalgebruik is die uitgangspunt, en dien steeds as model vir die leerling. Daar word op aangedring dat hierdie modelle, wat as leesstof die eintlike oefeninge voorafgaan, deeglik studeer word, voor die leerlinge van hulle afstap.
3. Die verkeerde, die onjuiste moet sistematies vermy word. Net op die juiste taalgebruik word nadruk gelê.
4. Betekenis moet nooit aan vorm opgeoffer word nie; onsin, gesogtheid en kunsmatigheid moet vermy word, selfs waar dit net daar om te doen is om 'n taalverskynsel te verklaar.
5. In die taalles ook moet dit moontlik gemaak word vir die kind om hom in 'n bepaalde appersepsiekring te beweeg. Hy word dus van die staan-spoor voor 'n *eenheid* geplaas, waarin en waaromheen hy hom kan oriënteer. Los sinne en toetse moet dus net *betreklik* los wees, in die sin dat hulle aansluit by die eenheid, waarin die kind hom reeds bevind.

6. 'n Sistematiese en formele studie van grammatika het, vir leerlinge op die laer skool teminste, só min en só 'n twyfelagtige soort van waarde, dat dit nie die moeite werd is om daar 'n drukte van te maak by die taalonderwys nie.

Die beskaafde *taalgebruik* dien as uitgangspunt en basis van ons onderwysmetode; die *beskaafde gebruik van die taal*, in sy gesproke en geskrewe vorme, is hoofdoel van ons taalonderwys op die laer skool. Volg ons daardie metode, en bereik ons daardie doel, dan sal ons nie alleen die kind van 'n onontbeerlike wapenrusting voorsien het nie, maar ook in hom die kiem geplant het van 'n liefde vir wat mooi is in die boekewêreld.

H.H.B.

Kaapstad.

Januarie 1922.

1. Lees :

**Vader Tulbagh.**

---

Vader Tulbagh se monument is in die hart van sy volk geplant. Die dorp Tulbagh heet na hom, en in die Kaap is daar 'n mooi Hollandse gebou wat ons ook aan hom laat dink. Elke kind wat die kans kry moet dit gaan sien. Nou is dit 'n plek waar fraai Hollandse skilderye vertoon word. Vroeër was dit vol kantore van die Kaapse stadsraad. In Tulbagh se dae was dit 'n Burgerwaghuis. (Uit „ Kykies vir Kinders ” : Nico Hofmeyr.)

2. Skrywe hierdie stukkie nogeens neer, maar omskrywe of vervang deur ander woorde die volgende : *monument, heet, kans, fraai, stadsraad.*
3. Beantwoord hierdie vrae :—
  - (a) Waar word Hollandse skilderye vertoon?
  - (b) Waarvoor is die Burgerwaghuis vroeër gebruik?
  - (c) Na wie heet die dorp Tulbagh?
  - (d) Waar staan Vader Tulbagh se pragtigste monument?
4. Maak sinne met die volgende woorde : *plantasie, dorpsbestuur, boumeester, skilder, kunsskilder, vertoning, tentoonstelling, stadsraadslid, burgerpligte.*
5. Veronderstel dat Vader Tulbagh vandag weer lewe, en skrywe 'n gesprek neer tussen hom en die voorsitter van die Kaapse stadsraad.
6. Vertel een en ander van 'n tentoonstelling wat jy al gesien het. Noem verskillende soorte van tentoonstellings op.

1. Lees :

?

*Pa* : „Hier is 'n pennie vir jou, Koos ; hy is driehonderd jaar oud.”

*Koos* : „Hoe-oe-oe, dit is baie lank ; hoe kan 'n mens dit regkry om 'n pennie so lank te hou ” ?

2. Gee 'n gepaste opskrif vir hierdie storiëtjie.
3. Vertel die storie oor maar begin só : „Eendag kom Koos se pa tuis . . .” Sê ook wat Koos toe met die pennie gedoen het.
4. Ons sê : Die straat is *lank*, maar dit is 'n *lang* straat. Die volgende woorde word ook so gebruik ; maak sinne met hulle :—
- Jonk* en *jong* ; *goed* en *goeie* ; *dood* en *dooie* ; *wyd* en *wye* ; *oud* en *ou* ; *laag* en *lae* ; *leeg* en *leë* ; *hoog* en *hoë*.
5. Ons sê : *Een jaar* en ook *tien jaar* ; soek meer woorde waarvan die enkelvoud en die meervoud dieselfde vorm het.
6. Gee die teenoorgestelde van : *oud*, *baie*, *lank*, *geld* *spaar*.
7. Skrywe voluit : 300 ; 924 ; 5,687 ; 1,115.

## 1. Lees :

?

Jannie : „Pappie, Pappie !”

Pappie : „Stil, Jannie !”

Jannie : „Maar Pappie . . . !”

Pappie : „Maar sal jy stilbly as ek praat !”

Pappie (na hy klaargepraat het) : „Jannie, wat wou jy gesê het ?”

Jannie : „Daar was 'n rusper op Pappie se slaai, maar nou het Pappie hom al opgeëet.”

2. Dink 'n gepaste tittel uit vir hierdie grappie en vertel dit dan weer oor as 'n verhaaltjie ; begin só : „Eendag aan tafel . . .”
3. Skrywe sinne met hierdie woorde : *swyg, spreker. praterig, eetmaal, opgevreet.*
4. Vertel hoe 'n rusper lyk.
5. Maak drie samegestelde woorde waarin elkeen van die volgende voorkom, en skrywe dan sinne met hulle : *klaar, stil, slaai.*
6. Wat beteken die volgende uitdrukkings : —
  - (a) Dis so klaar soos die dag, dat die Hottentot die skaap gesteel het.
  - (b) Dis klaarpraat met jou.
  - (c) Ek is kant en klaar.
  - (d) Stille water diepe grond,  
Onder draai die duiwel rond.
  - (e) Jy moet eers 'n sak sout met daardie man opeet voor jy hom sal ken.
  - (f) Jy moet nie al sy praatjies vir soetkoek opeet nie.

## 1. Lees :

?

'n Ou man en 'n ou vrou wou gaan treinry. Die ou man het 'n bietjie gedraai, en word gewaarsku dat die trein nie 'n ding is wat vir 'n mens wag nie. Toe die twee by die stasie kom, roep die ou vrou uit : „Sien jy. jy het te lank gedraai ; die trein is al weg : daar lê sy spoor.”

2. Gee 'n gepaste opskrif vir hierdie verhaaltjie en skrywe hom neer in jou eie woorde. Watter woord in die storie is oorsaak van die grappie en waarom ?
3. Maak 'n storie op uit die volgende gegewens :  
Spoorwegstasie . . . twee kleurlinge . . . konstabel . . . menigte mense . . .
4. Vertel iets van jou eerste reis per spoor, of gee 'n beskrywing van 'n treinongeluk soos jy jou dit voorstel.
5. Druk die volgende in jou eie woorde uit :—
  - (a) Ons het reiskaartjies gaan koop.
  - (b) Die stasiemeester is nie op sy kantoor nie.
  - (c) Die spoorwegpoliesie is baie beleef.
  - (d) Ons moet op Germiston oorstap.
  - (e) Ons wa het vier kompartemente en twee koepees.
  - (f) Dit is vervelend om lank in die wagkamer te sit.
  - (g) Om eenuur was ons in die eetsalon.
6. Maak sinne met : spoorloos, kragstasie, verversingstasie, lokomotief, masjienerie, goederetrein portier, spoorwegpersoneel.



## 1. Lees :

## 'n Brief.\*

Jongenskoshuis,  
 Markstraat,  
 Kroonstad,  
 25 Januarie 1922.

Beste Willem,

Ná 'n lang reis het ek gister hier aangekom, en vandag het ek alreeds op die skoolbanke gesit. Alles is vir my vreemd hier—die stad, die skool, die meesters en die seuns. My kamermaat is darem 'n gawe kêrel; sy ouers het ook vroeër in die Transvaal gewoon, maar op die oomblik is hulle op 'n plaas hier in die distrik.

Soos jy weet trek Pa en Ma eers oor drie maande hiernatoc. Ek sal baie bly wees, want die koshuislewe is darem nie eintlik lekker nie.

Skrywe gou, Maat, en vertel my al die nuus van ons ou dorpie.

Jou vrind,

JAN BOTMA.

2. Skrywe 'n antwoord op hierdie brief van Jan.
3. Skrywe die naam en adres voluit soos jy dit op 'n koevert sal doen.
4. Maak ses samegestelde woorde met *skool* as die eerste deel, en gebruik hulle in sinne.
5. Die meervoud van *distrik* is *distrikte*. Soek nog ses woorde wat hulle meervoud met -te vorm.
6. Skrywe ses samegestelde woorde, wat uit drie woorde bestaan soos *koshuislewe*.

---

\*Skryfblokpapier behoort gebruik te word vir hierdie oefeninge.

1. Lees :

### **Jakkals en die mombakkies.**

Jakkals sluip eennag in die huis van 'n toneel-speler. Terwyl hy die goed omkrap, kry hy 'n mombakkies. „Dit is 'n pragtige kop,” sê Jakkals ; „maar hy beteken niks, want hy het geen harsings nie.”

2. Gee hierdie storie mondeling weer, maar voeg daar meer besonderhede by as jy kan ; bv. : Wat het Jakkals gesoek ? Waar was die baas van die huis ? Wat het Jakkals nog daar gesien ? ens.
3. Skrywe die storie neer maar omskrywe of gebruik ander woorde vir *sluip*, *toneelspeler*, *mombakkies*, *beteken*, *harsings*.
4. Wat is 'n *sluipmoordenaar* ?  
 Wat is 'n *toneelstuk* ?  
 Wat beteken die woord *natuurtoneel* ?  
 Wat beteken die woord *vermom* ?
5. Skrywe die betekenis van hierdie sinne neer :
  - (a) In daardie saak het Mnr. M. sy rol goed gespeel.
  - (b) Sommige mense kan 'n dubbele rol speel in die lewe.
  - (c) Pa is vandag omgekrap.
  - (d) Jan het 'n goeie kop.
  - (e) Willem het nie baie harsings nie.
  - (f) Mnr. S. is 'n man van betekenis.
6. Maak sinne met : *toneel*, *skriktoneel*, *pragstuk*, *betekenisvol*, *harsingskim*, *harspan*, *niksnuts*.

1. Lees :

**Verlange na die vaderland.**

Wanneer die lente met haar weelde,  
 Van blareprag en bloesemgeur  
 Die lieflik, deur die son gestroelde  
 Vallei versier met vorm en kleur ;  
 As die natuur, vol nuwe lewe,  
 Die aard' verheerlik vroeg en spa,  
 Van heimwee word ek dan gedrewe  
 Na my geboorteland, Suidafrika.

(Dr. A. G. VISSER.)

2. Waarna verlang die digter ?  
 Waardeur word hy na sy geboorteland gedrywe ?  
 Wanneer word sy verlange baie sterk ?
3. Skrywe die gedagtegang van die gediggie kortliks neer.
4. Wat beteken die volgende uitdrukkings :—
  - (a) In Natal is die plantegroei weelderig.
  - (b) Strelende musiek is aangenaam.
  - (c) Vader Tulbagh het die Prag- en Praalwette in die Kaapkolonie ingevoer.
  - (d) Hierdie outo het te veel versiersels aan hom.
  - (e) Die natuurskoon van die Kaapse Skiereiland is bekoorlik.
5. Watter woorde gebruik ons gewoonlik in prosa in plaats van die volgende : *vallei*, *aard'*, *spa*, *heimwee*, *gedrewe*.
6. Maak sinne met : *lenteliedjie*, *lieflikheid*, *versiering*, *dryfveer*, *vaderlandsliefde*.

## 1. Lees :

**Voetbal.**

Die wedstryd tussen die eerste spanne op Nuwe-land verlede Saterdag was vinnig en boeiend; by die fyn draaie het die toeskouers dikwels op die punte van hulle tone gestaan.

Die voorspelers van Stellenbosch het maar selde die bal uit die skrums gekry; maar op die oop veld het hulle mooi uitgeblink met hulle voetwerk. Kolbe was die knapste skakel op die veld. Die twee senters van Wellington het mekaar goed verstaan; v. d. Merwe weet wanneer om deur te breek, en sy vluel was altyd by hom om die bal aan te vat. Muller het weer Saterdag getoon dat hy een van die beste heelagters in die Provinsie is.

2. Noem die verskillende soorte spelers op wat deelneem in 'n voetbalwedstryd, en vertel wat hulle vernaamste werk is.
3. Vertel een en ander van 'n voetbalwedstryd wat jy gesien het of waarin jy deelgeneem het.
4. Wat beteken die volgende uitdrukkings :—
  - (a) Die linkervleuel glip deur en maak 'n drie.
  - (b) Die vyfskop van Minnaar het ook geluk.
  - (c) As gevolg van 'n pragtige agterhoedebeweging het die vleuel geskoor.
  - (d) Na die strafskop het die skeidsregter die fluitjie geblaas.
5. Maak sinne met : *die bal hanteer, afskop, skepskop, dribbel.*
6. Gee 'n beskrywing van julle voetbalterrein.

## Midde-Afrika.

---

Iemand wat gewoon is aan die vlaktes van Suidafrika, waar meestal gras of bossies groei, staan verbaas as hy in Midde-Afrika kom. Daar voel 'n mens klein, as jy die ontsaglike woude aanskou, wat eeue oud is, en wat uitstrek sover as 'n mens kan sien. Die bome lyk byna almal eenders ; hulle is nie baie hoog nie en ook nie baie dik nie. Hier en daar sien 'n mens egter 'n kreme-tartboom, vreeslik dik vanonder, maar altyd dunner en dunner na bo.

1. Gee jou eie beskrywing van Midde-Afrika, en vergelyk daardie land se plantegroei met dié van Suidafrika.
2. Vertel met watter moeilikhede 'n reisiger in Midde-Afrika te kampe het, te oordeel na bostaande beskrywing en die gevolgtrekkings wat 'n mens daaruit kan maak.
3. Wat is die teenoorgestelde van :
  - (a) 'n Mens voel klein.
  - (b) Die bome is almal eenders.
  - (c) 'n Uitgestrekte land.
  - (d) Hier en daar staan bome.
4. Maak sinne met : *sandvlakte, ontsag, ontsaglikheid, middeleeue, gevoelig.*
5. Verklaar hierdie sinne :
  - (a) Ek laat nie gras onder my voete groei nie.
  - (b) Daardie man het 'n baie dik vel.

## 1. Lees :

?

Oom Kasper loop eendag met sy haelgeweer in die veld om bokke te skiet ; maar in plaats van hael het hy 'n perskepit in die loop. Dit geluk hom om 'n duiker onder skoot te kry, maar ongelukkig kwes ky net die dier. 'n Tydjie daarna het Oom Kasper weer gaan jag. Skielik gewaar hy 'n duiker, maar die dier het wonderlik mak gelyk vir Oom Kasper. Maar wat was Oom verbaas, toe die bok opspring met 'n perskeboompie op sy rug.

2. Gee 'n gepaste opskrif vir hierdie storie en vertel hom nogeens aan die klas.
3. Noem verskillende soorte gewere op ; vertel wat die kenmerk van elkeen is en waarvoor hulle gebruik word.
4. Skrywe sinne met : *hael, haal, koel, koeël, verweer, weerstand, rûens, rugte.*
5. Wat beteken die volgende sinne :
  - (a) Die redenaar het 'n bok geskiet.
  - (b) Die ongeluk sal jou haal.
  - (c) Daardie staatsman het geen ruggraat nie.
  - (d) Daar sit pit in hierdie kêrel.
  - (e) Die spreker het die vraag ontduik.
  - (f) Die onderhandelinge tussen ons het gou afgespring.
  - (g) Die appel val nie ver van die boom nie.
  - (h) Jy moet nie somar omspring as hy miskien mooipraat nie.
6. Maak sinne met : *springlewendig, terloops, ruimskoots, gewaarwording, duiker* (drie betekenis).

1. Lees :

**'n Briefie.\***

22 Dorpstraat,  
Worcester,  
Maandag.

Geagte Mnr. Lourens.

Dit spyt my dat ek Koos nie vandag na skool kan stuur nie. Verlede Vrydagnamiddag het hy begin kla oor hoofpyn, en daar hy koorsig was, het ek hom in die bed gesit. Hy het vanmôre eers opgestaan, en ek dink nie dis raadsaam vir hom om skool-toe te gaan nie, veral met die oog op die reën.

Hoogagtend die uwe,

(Mevr.) S. BRONKHORST.

2. Veronderstel dat jy Koos Bronkhorst is, en vertel wat jy daardie Maandag by die huis gedoen het.
3. Vertel hoe die hoofonderwyser die inhoud van die briefie aan die klasonderwyser sou meedeel. Begin so: „Mevr. Lourens skrywe dat . . .”
4. Skrywe 'n briefie aan jou vriend Jan Brink op Porterville, en vertel hom van jou siekte gedurende die naweek.
5. Maak samengestelde woorde waarin die volgende woorde voorkom, (a) as die eerste deel, (b) as die tweede deel: *voormiddag, m ôre, aand, nag, middag*.
6. Skrywe sinne met: *verkla, aankla, klauglied, klaagtoon, hoofbrekings, hoofman, heethoof*.
7. Die meervoud van *bed* is *bedde* of *beddens*. Is daar verskil in betekenis tussen die twee vorme? Skrywe die meervoudsvorme van: *bad, goed, maat, rug, vorm, saal, skof, vark, las, lid*, en toon aan wanneer daar verskil in betekenis is tussen die vorme.

\* Skryfblokpapier behoort gebruik te word vir alle briewe.

## 1. Lees :

?

Die Goewerneur-Generaal en Prinses Arthur, vergesel van Kol. Garraway het Saterdag 'n besoek gebring aan Mafeking. 'n Resepsie is bygewoon deur driehonderd mense. Die Prinses is 'n album aangebied, met foto's van die beleg van Mafeking, waarvan net vyf bestaan. In die kafferstad het S.E. die kapteins en hoofmanne van die Barolongstamme in gehoor ontvang. Daarna het die besoekers weer na Pretoria vertrek. Gee 'n gepaste opskrif aan hierdie berig, en deel die inhoud mee aan die klas.

3. Waarvoor staan die volgende verkortings: kol., genl., S.E., Mnr., Ds., Dr., luit.

4. Gebruik die meervoudsvorme van die volgende woorde in sinne: foto, kommando, outo, piano, *karba*, *hoera*, *paraplu*.

Skrywe ook die meervoud van: *sofa*, *paddu*, *indoena*.

Stel nou 'n reël op vir woorde op -a.

5. Druk die volgende sinne anders uit:

(a) Die gevangene word vergesel van drie konstabels.

(b) Amerika voorsien baie lande van petroleum.

(c) Ons het besoek afgelê by Mnr. S.

(d) Die generaal het die aanbod van die hand gewys.

(e) Ons het gemeen hy sal hom die aanbod laat welgeval.

(f) Die advokaat neem toe die getuie onder kruisverhoor.

(g) Die verhoor van hierdie saak is uitgestel.

(h) Wie was jou metgesel op daardie reis?

(i) Die gehoor het die musiek op prys gestel.

(j) My gehoor word by die dag slegter.

6. Gee weer wat die Prinses aan haar moeder sou vertel het by haar terugkoms in Pretoria.



## 1. Lees :

**'n Brief.\***

Murraysburg,

6 Desember 1922.

Beste Hendrika,

Ek was baie bly om weer 'n brief van jou te kry, ná ek soveel maande nooit van jou 'n brief ontvang het nie. Dit is baie mooi van jou om my te nooi na julle fees vanjaar. Dit lyk of julle 'n groot fees gaan hê. Ek het met Ma en Pa gepraat, en ofskoon Pa graag al die kinders tuis wil hê by geleentheid van Dingaansfees, het hy tog eindelik toegestem, dat ek na julle kan gaan.

Ek sal op die 15e op Victoria Wes wees. Ek gaan saam met Oom Hendrik, want hy is een van die sprekers op julle fees, soos jy seker weet.

Ek sal al die nuus van ons dorp maar bewaar tot ons mekaar ontmoet.

Ma stuur groete aan Tant Hessie.

Jou vrindin,

BERTHA.

2. Skrywe die brief wat Hendrika aan Bertha gestuur het.
3. Skrywe 'n kort antwoord van Hendrika op bostaande brief van Bertha.
4. Skrywe die adresse voluit soos dit op die koeverte behoort te staan.
5. Vertel een en ander van 'n Dingaansfeesviering wat jy bygewoon het.
6. Gee 'n kort beskrywing van Dingaans se persoon, soos jy jou dit voorstel uit wat jy al gelees en gehoor het van hom.

---

\*Dis wenslik dat skryfblokpapier vir alle briewe gebruik word.

## 1. Lees :

Dit is uiters maklik om ons huis te vind. As jy by die stasie uitloop, kom jy in die hoofstraat van die dorp. Vervolg jou weg langs hierdie straat vir omtrent tweehonderd tree. Dan sal jy 'n bioskoopsaal sien op die hoek van die hoofstraat en 'n dwars straat. Draai af op jou regterhand en loop tot jy op die Kerkplein kom. Aan die oorkant van die plein staan twee groot geboue, die poskantoor en 'n winkel; loop tussen hulle deur en soek op jou linkerhand na No. 25. Dit is ons huis.

2. Vertel noukeurig hoe jy sal loop om by daardie huis te kom.

3. Beduie aan die klas hoe 'n mens moet loop—

(a) van die skool na julle huis,

(b) van die kerk na die skool,

(c) van die poskantoor na die kleinste winkel;

(d) van jou oom se huis na die polisiekantoor.

4. Veronderstel dat jy in 'n stad of in 'n groot dorp verdwaal het en beskrywe noukeurig hoe jy rondgedwaal het.

5. Verklaar die volgende sinne :

(a) Die telefoon is 'n wonderlike uitvinding.

(b) Daardie man sal jou vervolg tot die uiterste toe.

(c) Party mense trek altyd dwars.

6. Skrywe sinne met : omloop, oploop, oorloop, opvolg, afdraai, deuskant.

7. Skrywe in woorde : 410, 3,627, 1,725,919.

## 1. Lees :

**Sir George Grey.**

Voor die staatsbiblioteek in Kaapstad staan 'n marmarstandbeeld van Sir George Grey, goewerneur van die Kaapkolonie van 1854 tot 1861. Sir George was die eerste man wat 'n poging gemaak het om die verskillende state en kolonies van Suidafrika te verenig. In 1856 stel hy aan die Britse regering voor „ 'n federale unie van al hierdie state, met 'n groot mate van vryheid aan elke provinsie.” Maar die Engelse regering van daardie dae wou nie hierna luister nie; hulle politiek was toe „om deur middel van ooreenkomste te erken die stigting van onafhanklike state op die grense van die Britse gebied deur trekkende Britse onderdane, om sodoende 'n end te maak aan die sisteem van aanhoudende en onbeperkte vooruitskuiwing van die Britse grenslyn na die binneland.”

2. Verklaar mondeling wat Sir George aan die hand gegee het, en wat die antwoord van die Engelse regering was.
3. Waarom word sommige sinne in hierdie stukkie tussen aanhalingstekens geskrywe? Maak 'n reël vir die gebruik van aanhalingstekens.
4. Wat beteken *staats* in die woord *staatsbiblioteek*? Maak nog vier sulke samestellings en gebruik hulle in sinne.
5. Wat beteken die volgende uitdrukkings: *'n poging word aangewend*; *die voorstel word van die hand gewys*; *die vergadering het die voorstel afgestem*; *'n ooreenkoms word getref*; *'n mens moet sistematies werk*; *aanhou wen*; *paal en perk stel aan iets*; *my verantwoordelikheid is beperk tot tien pond*; *die firma Sonnebloem en Louw Beperk*.
6. Wat is die teenoorgestelde van: *binneland*, *erken*, *vryheid*, *verskillende*, *afhankelike state*, *sistematies*.

## 1. Lees :

?

'n Groot getal werklose mense in Leicester, gewapen met stokke, het na die poliesiekantoor gemarsjeer blykbaar om die loslating van hulle leiers te eis, wat in hegtenis geneem was. Terwyl die menigte hulle voorberei het om die kantoor storm te loop, het die polisie skielik opgedaag en hulle uiteengeja. Geweldige handgevegte het plaasgevind, in die loop waarvan twaalf persone beseer is. Agtien mense is later gearresteer.

2. Plaas 'n opskrif bo hierdie berig, en vertel nogeens wat gebeur het.
3. Skrywe die verhaal van die gebeurde neer soos een van die polisie dit sou vertel het.
4. Maak deur middel van sinne die verskil in betekenis duidelik tussen *blykbaar* en *skynbaar*, *loslating* en *vrystelling*, *eis* en *ys*, *lei* en *ly*.
5. Verklaar die betekenis van die volgende sinne :
  - (a) Ons het baie voorbereidsels gemaak vir die ontvangs van die generaal.
  - (b) Die twee persone het handgemeen geraak.
  - (c) Ek sal daar 'n stokkie voor steek.
  - (d) Die arres van daardie man het 'n opskudding veroorsaak.
  - (e) Die polisie verskyn toe op die toneel.
6. Maak sinne met : *vereiste*, *voorbereiding*, *gehegtheid*, *stormagtig*, *poliesieburo*.

1. Lees :

**'n Brief.**

Bus 30,  
Kaapstad,  
10 November 1921.

Die heer J. H. Prinsloo,  
Witvlei,  
Caledon, K.P.

Waarde Heer,

Ons dank u hartlik vir u brief van 6 deser met poswissel ter waarde van 9/- ingesluit. In afsonderlike omslag stuur ons u vandag die boeke wat u bestel het, nl.:

„ Magrieta Prinsloo ”	..	..	du Toit.
„ Piet Retief ”	..	..	Preller.
„ Die Vlakte en ander gedigte ”			Celliers.

Ons is jammer om u mee te deel dat ons nie op die oomblik die soort vulpen in voorraad het, wat u verlang nie. Ons verwag 'n nuwe versending uit Europa teen die end van die maand. Laat ons asseblief dadelik weet of ons u bestelling dan kan uitvoer.

U dw. dnre.,

JUTA & KIE, BK.

2. Skrywe die brief waarop bostaande 'n antwoord is.
3. Skrywe 'n antwoord op bostaande brief.
4. Skrywe die adresse van die briewe voluit soos jy dit op die koeverte sal skrywe.
5. Maak sinne met : *bestelling, ontstel, verstel, invoer, vervoer, afvoer, opvoer.*
6. Let op die woorde *dadelik, onhebbelik, gruwelik, stigtelik, skriftelik, vorstelik, stiptelik, bedektelik*, en lei die reël af vir die invoeg en weglaat van -e-voor die agtervoegsel -lik
7. Ons skrywe : *die end* van die week, *die end* van die saak, maar *die ent* van die stok, *die ent* van die kamer. Wat is die reël ?

1. Nieteenstaande sy sluhheid is Jakkals ook somtyds gefop, soos blyk uit die volgende storie, wat nie voluit vertel word nie. Vertel die storie klaar en skrywe hom dan neer, soos die hond hom sou vertel; plaas ook 'n gepaste opskrif bo-aan:—

'n Hond en 'n haan was groot maats en het saam op reis gegaan. Eenaand kom hulle by 'n groot boom en besluit om daar te vernag. Die haan gaan toe bo in 'n tak sit, en die hond kruip in 'n holte in die stam van die boom. Met dagbreek kraai die haan soos gewoonlik. Jakkals hoor die gekraai, en dit val hom toe ook net by, dat hy niks vir ontbyt het nie. Hy stap toe soetjies nader en fluister: „ Ek wil tog so graag kennismaak met die eienaar van daardie lieflike stemmetjie.” Die haan ruik dadelik lont en sê: „ Goed, Meneer, maar roep asseblief . . .”

2. Wat is die verskil in betekenis tussen: *maats* en *mate*, *besluit* en *beslis*, *ruik* en *reuk*, *roep* en *noem*, *blyk* en *bleik*, *gepaste* en *toepaslik*, *blykbaar* en *skynbaar*.
3. Skrywe soveel woorde as jy kan kry wat op *-etjie* eindig en probeer dan om 'n reël te maak wat die gebruik van hierdie verkleinwoordsuitgang duidelik maak.
4. Maak sinne met die volgende woorde: *reisgenoot*, *maatskappy*, *besluiteloos*, *onderkruiper*, *kennisgewing*, *roeping*, *afstammeling*.
5. Wat beteken die volgende uitdrukkings:—
- (a) Daar sal geen haan na kraai nie.
  - (b) Die appel val nie ver van die boom nie.
  - (c) Gewoonte is tweede natuur.
  - (d) Kennis is mag.
  - (e) Die haan het lont geruik.

## 1. Lees :

**Kat-en-Muis.**

Die kinders staan in 'n kring en vat hande. Die kaptein kies twee kinders uit : een, die kat, moet buitekant die kring staan, die ander een is die muis, en hy moet binne staan. As die kaptein sê „hardloop,” probeer die kat om die muis te vang. Die kinders wat in die kring staan moet hulle arms oplig en die muis ongehinder laat deurgaan ; maar hulle moet die kat hinder, sodat hy nie maklik kan deurvleg nie. Die kat volg die muis in en uit die kring, tot hy hom vang. Dan roep die kaptein weer twee anders uit om kat en muis te wees.

2. Vertel aan die klas hoe 'n mens *Kat-en-Muis* speel
3. Gee 'n beskrywing van enige ander speltjie wat jy goed ken.
4. Noem verskillende soorte kapteins op wat jy ken, en vertel wat hulle werk is.
5. Wat beteken die volgende sinne :
  - (a) „ Ek hou van 'n man wat sy man kan staan.”
  - (b) Jan is 'n baie gevatte kêrel.
  - (c) As die kat weg is is die muis baas.
  - (d) Mnr. B. vertrek vandag en word deur Mnr. S. opgevolg.
  - (e) 'n Beroep word gemaak op alle burgers om die land te verdedig.
  - (f) Mnr. P. het sy roeping gemis.
  - (g) Daardie muisie het 'n stertjie.
6. Maak sinne met die volgende woorde : *verkiesing, kieser, kiesafdeling, buite, buiten, volgeling, hinderenis, andersom, huiskring, werkkring, oproep.*

---

Juta so **Afrikaanse Verhaaltjies**—as u meer stories wil hê vir die spreek-en stelonderwys. Prys 1 '6.

## 1. Lees :

Voëltjie met jou skerpe bekkie,  
 Met jou donsies vaal en fyn,  
 Met jou vlerkies vlug as winde,  
 Ogies gou om kos te vinde,  
 Met jou pootjies lief en klein!  
 Sê my wat tog in die dorte  
 Van die vlaktes om jou heen  
 Jou nog lus gee om te lewe,  
 Waar die grond geen vog wil gewe  
 En die bossies smag na reën!

(Uit „Tevredenheid” van Dr. D. F. MALLERBE.)

2. Gee jou eie beskrywing van die voëltjie, waarvan die digter hier sing.
3. Vertel wat jy weet van die Karo, waar die voëltjie woon.
4. Skrywe in jou eie woorde die vraag neer, wat die digter aan die voëltjie stel.
5. Soek al die verkleinwoorde in die gedig uit, en skrywe die gewone vorme van die woorde neer en ook die meervoudsvorme daarvan.
6. Verklaar die volgende uitdrukkings :
  - (a) Koos is 'n skerpsinnige knaap.
  - (b) Meisies is meer fynevoelig as seuns.
  - (c) Daardie man is somar 'n windmaker.
  - (d) Baie mense het geen oog vir mooi kleure nie.
  - (e) Retief het die hardvotigste manne uitgesoek. om met hom mee te gaan na Dingaan.
  - (f) Die plante snak na reën.



## 1. Lees :

?

'n Reisiger kom eenaand gedurende 'n geweldige stortbui by 'n Ier aan huis. Die huisie was maar klein en armoedig, en in de voorkamer het dit vreeslik gelek.

„Waarom maak u dan nie die dak reg nie?” vra die vreemdeling.

„U wil tog nie hê, dat ek nou op die dak moet klim nie,” was die antwoord.

„Nee, maar u moet dit repareer as dit nie reën nie,” sê die reisiger.

„Ja,” antwoord die Ier, „maar dan is dit nie nodig nie.”

2. Gee 'n goeie opskrift aan hierdie verhaaltjie en vertel dit soos die reisiger dit 'n paar dae later aan sy vrou en kinders miskien meegedeel het.

3. As jy die reisiger was, wat sou jy op die laaste antwoord van die Ier gesê het?

Waar woon die Ierse volk?

Waarom spreek die persone mekaar aan as u?

4. Verklaar die betekenis van hierdie sinne :

(a) Ons is almal reisvaardig.

(b) Die reparasie van die motor kos vyf pond.

(c) Saterdag koop Ma al die benodighede vir die huis.

(d) Neef Koos studeer vreemde tale in die buitenland.

(e) Die geheim het later uitgelek.

(f) Jan het met 'n bui opgestaan vanmôre.

5. Skrywe sinne met die volgende woorde : *reisverhaal*, *storied*, *lekkasie*, *vervreemd*, *reënseisoen*, *reën-skerm*.

6. Skrywe woorde wat die teenoorgestelde betekenis het van die volgende : *armoedig*, *regmaak*, *vreemd*, *nodig*.

Wil u nog meer stories hê? Bestel Juta se **Afrikaanse Verhaaltjies**, prys 1/6.

## 1. Lees :

**Land van die Eike.**

Land van die eike met heldergroen lower,  
 Ruisende graanveld en pêrlende wyn,  
 Waar elke môre met sonnegoud tower,  
 Skitt'rend die Suiderkruis nagliks verskyn !  
 O heerlik, sonnig land,  
 Aan u gasvrye strand,  
 Bring ek die hulde van hart en verstand !

(Uit *Land, Volk en Taal* van Dr. A. G. VISSER.)

2. Vrac : Aan watter deel of dele van Suidafrika dink die digter in die eerste reël ? In die tweede reël ? Wat sê ons gewoonlik in plaas van *lower* ? Waarom *ruis* die graanveld ? Wat bedoel die digter met *pêrlende wyn* ? Noem die Onderwerp en die Gesegde in die derde reël ? Waarom praat die digter van ons *gasvrye strand* ? Wat is die verskil tussen hulde wat uit die *hart* kom en hulde wat uit die *verstand* kom ?
3. Vertel nou hoe die land lyk wat die digter in die eerste vier reëls beskrywe.  
 Beskrywe die Suiderkruis, soos jy hom self gesien het.
4. Gebruik die volgende woorde as grondwoorde en maak drie samegestelde woorde van elkeen : eike, graan, son, hart, môre.
5. Verklaar die volgende sinne :
  - (a) Die nagwind suis deur die rieto in die vlei.
  - (b) Die son betower die wêreld in de môre met sy goue strale.
  - (c) Jan het 'n pêrel op sy oog.

- (d) Moenie pêrels voor swyne werp nie.
  - (e) Die opvoering van die toneelstuk was 'n skitterende sukses.
  - (f) Ons rig 'n standbeeld op as huldeblyk aan die groot man.
6. Skrywe sinne met : *toorkrag, gasvryheid, hartroerend, verstandig, huldig, hartstogtelik.*
  7. Let op die volgende samestellings : silwerhorlosie, koperketel, sisrok, rietdak, goudstuk, ysterplaat, ens. Wat dui die eerste gedeeltes van hierdie samegestelde woorde aan?
  8. Lees die versie nogeens en sê waar die taal van die digter afwyk van gewone prosa.

## 1. Lees :—

**Sokrates.**

(1)

Dit is moontlik om 'n goeie denkbeeld te vorm van die uiterlike van hierdie eienaardige persoon. Die Grieke was 'n volk, wat 'n baie fyn-ontwikkelde smaak gehad het vir wat mooi is in vorm, en veral in die vorm van die menslike liggaam. Nou was Sokrates, wat sy uiterlike betref, byna net die teenoorgestelde van wat vir sy landgenote die ideale of volmaakte man was. Hy was kort en 'n bietjie gesit van lyf ; sy lippe was dik en sy neus was stomp met 'n wippuntjie.

2. Vertel hoe Sokrates gelyk het.  
Tot watter volk het by behoort ?  
In watter land het by gewoon ?
3. Gee 'n kort beskrywing van 'n man, wat die Grieke mooi sou noem.
4. Maak sinne met : *denkbeeldig, innerlik, ontwikkeling, sirkelvormig, liggaamlike, ideaal, gelaatstrekke.*
5. Let op die woord *fyn-ontwikkelde*, en gebruik dan die volgende woorde om samenstellings van dieselfde soort te maak : goed en teel ; skerp en slyp, fris en bou, half en maak, kaal en skeer, rooi en skilder, pas en begin, sleg en rogeer.
6. Verklaar hierdie uitdrukkings : Jan is kortgebonde, ons kortstondige lewe, die kos smaak my nie, menslikerwys gesproke, landgenote is nie altyd tydgenote nie, iemand iets onder die neus vrywe, die visser het vyfhonderd stompneuse gevang.

1. Lees :

### Sokrates.

(2)

Sokrates was dus ook nie juis wat ons sou noem 'n mooi man nie ; en tog is hy 'n man, wat vir altyd sal lewe in die geskiedenis van die wysbegeerte. *Mooi vergaan maar deug bly staan* ; so is dit ook met Sokrates. Sy hart was goed, en dit was net nodig om 'n paar woorde met hom te wissel om dit agter te kom. Vir die mense, wat onder die invloed van sy persoonlikheid en onder die toorkrag van sy woorde gekom het, was Sokrates nie lelik nie. Hulle kon sy siel sien en sy siel was mooi.

2. Waarom is die spreekwoord in hierdie passaat toepaslik op Sokrates ?

Waarin het Sokrates se krag gesit ?

Wat beteken die sin „sy siel was mooi.”

3. Let op die woord *wysbegeerte*. Uit watter twee woorde is dit samegestel. Wat dink jy nou is die betekenis van die woord.
4. Verklaar hierdie uitdrukkings : die mens is sterflik ; Sokrates is onsterflik ; aardse goed is verganklik ; die twee persone verkeer in 'n woordewisseling ; Mnr. S. is 'n invloedryke man ; geen persoonlike aanmerkings word hier toegelaat nie.
5. Maak sinne met : geskiedskrywer, begerlik, wysgeer, towenaar, poswissel, briefwisseling.
6. Skrywe 'n kort opstelletjie oor Sokrates.

1. Lees :

**'n Voldaan of Kwitansie.\***

Vryburg,

£25 16s. 6d.

3 Junie 1922.

Ontvang van *Mnr. Jan du Preez*, die som van *vyf-en-twintig pond sestien sielings en sikspens sterling in volle betaling van rekening.*

1d.

W.A.B.

W. A. Burger.

3.6.22.

2. Watter besigheid dink jy het plaasgevind tussen Mnr. du Preez en Mnr. Burger ?

Vertel voluit wat Mnr. Burger te kenne gee met die voldaan wat hy onderteken het.

3. „In volle betaling van rekening.” Dit beteken dat die betaalde som die heel bedrag van die rekening tot 3 Junie 1922 dek. Wat sou die volgende beteken het :

(a) in volle betaling van winkelrekening ;

(b) as eerste paaiment op verband.

(c) as half-jaarlikse rente op verband.

(d) as koopprys van perd, saal en toom.

(e) afbetaling op rekening ;

\*Dis wenslik dat die leerlinge kennismaak met voldaanvorms.

- (f) as bydrae tot kerkfonds ;
- (g) as jaarlikse premie op Polis No. 10,512.
- (h) toegegee op ruil van perde.
- (i) balans van rekening.

4. Skrywe die volgende kwitansies uit :

- (i) Wat die bakker jou sal gee as jy op 1 Augustus die broodrekening van £2 10s. 5d. vir Julie 1922 betaal.
- (ii) Wat jy aan iemand vandag sal uitreik wat £3 aan jou betaal vir 'n donkie.
- (iii) Wat die stadsklerk môre sal uitreik aan iemand, wat £10 aan jaarlikse belasting vir die jaar 1922 betaal.

1. Lees :

No. 11707.

Kaapstad, 17 Nov. 1921.

Ontvang van *Mnr. H. Davies,*  
*Susserstraat,*  
*Woodstock.*

die som van drie pond tien sielings en trippens.  
 £3 : 10 : 3.

Id.

17.11.21. | Vir Southern Motors and Supplies, Ltd.

A. v. B.

A. van Blerk.

2. Bostaande is 'n voldaan uitgereik deur 'n groot firma. In watter opsigte verskil dit in vorm van die voldaan op die voorgaande bladsy?
3. Skrywe kwitansies uit wat die volgende transaksies afsluit :
- (a) S. Daniels van Donkerspruit betaal sy vleisrekening van £4 10s. 0d., by Verster en Kie, op Maitland, op 21 Maart 1922.
  - (b) Juta en Kie, Kaapstad, ontvang vandag £2 10s. 0d. van Mnr. W. Venter, hoofonderwyser van die skool op Brandvlei, in volle betaling van 'n boekrekening.
  - (c) Die Suidafrikaanse Mutual-Lewensversekeringsmaatschappy, tak Paarl, ontvang £20 van Mnr. Jan Wassenaar van Simondium ; dit is die jaarlikse premie op twee lewenspolisse, Nos. 697,541 en 798,764 ; die betaling geskied op 10 Okt. 1922.
  - (d) Jy is klerk by die prokureursfirma Michau en de Villiers ; Mnr. B. Osler betaal vandag £7 12s. wat hy skuldig is aan Die Handelshuis Bpk. en waarvoor hy 'n aanskrywing ontvang het van die prokureurs.



1. Lees :

**Telegram.\***

VAN.

Martha.

AAN.

Jan van der Merwe,  
Heilbron.

Veilig aangekom aangename mense mooi dorp  
brief môre groete.

2. Skrywe die inhoud van hierdie telegram in volsinne uit.
3. Veronderstel dat jy Martha is wat met 'n vrindin op Parys gaan kuier het. Skrywe nou die brief aan jou pa.
3. Skrywe 'n telegram uit, wat jy sal afstuur onmiddellik voor jy weer huistoe vertrek.
4. Veronderstel dat jou oudste broer, wat tien jaar gelede na Rhodesië getrek het, skielik op Heilbron aankom. Skrywe 'n telegram uit, wat jou pa aan jou sal stuur. Skrywe ook jou antwoord uit.
5. „Kom nie te laat nie.” Dit is die inhoud van 'n telegram. Dit het verskillende betekenisse wat kan uitgebring word deur middel van sekere leestekens. Sit die leestekens by, en maak die omstandighede duidelik waaronder die telegramme kan gestuur word.
6. Skrywe sinne met: aankom, uitkom, afkom, inkom, nakom, agterkom, bykom, omkom, toekom.
7. *Groete* is 'n meervoudsvorm waarvan die enkelvoud nie bestaan nie. Soek meer woorde van dieselfde soort op -e. *Harsings* en *kuiings* is soortgelyke woorde op -s. Soek nog meer van hulle.

\*Dis wenslik dat telegramvorms vir hierdie oefeninge gebruik word.

1. Lees :

**'n Poskaartjie.\***

---

12 Smitstraat,  
Johannesburg,  
2 Sept. 1922.

Liewe Moeder,

Stuur tog asseblief my jas saam met Annie as sy Saterdag stad-toe kom. Ek moet Saterdag-aand na Ermelo gaan, en die weer bly maar koud. Ek sal Oom Willem daar opsoek.

U seun HENDRIK.

2. Skrywe die naam en adres voluit soos dit op 'n poskaartjie hoort.
3. Skrywe Hendrik se boodskap neer soos sy ma dit aan Annie sou gee : „ Annie, Hendrik sê . . . ”.
4. Wanneer maak ons gebruik van 'n poskaartjie i.p.v. 'n brief.
5. Skrywe 'n poskaartjie aan 'n boekhandelaar, waarin jy kla, dat 'n sekere boek, wat jy bestel het, nog nie deur jou ontvang is nie.
6. Skrywe sinne met : *winkel-toe, na die winkel toe, tuin-toe, na de kraal toe, skool-toe, na die poskantoor toe.*
7. Ons sê : Die wind is koud maar daar waai 'n koue wind. Gebruik die volgende woorde ook so in sinne : *oud en ou, lank en lang, leeg en leë, goed en goeie.*
8. Die meervoud van *jas* is *jaste*. Soek nog meer woorde wat hulle meervoud met *-te* vorm.

---

\*Dis wenslik dat die leerlinge kennismaak met werklike poskaartjies.

1. Lees :

**'n Advertensie.\***

LEER BOEKHOU.

Tuis in u vrye tyd. Ons sisteem is maklik en die leergeld is gering. Skrywe vandag om besonderhede aan die Premier-Besigheidskool,

Bus 208, Kaapstad.

2. Skrywe die inhoud van hierdie advertensie in vol-sinne uit.
3. Skrywe 'n brief† aan die hoofonderwyser van die besigheidskool, waarin jy hom vra om besonderhede van sy boekhoukursus.
4. Skrywe ook die antwoord waarin die volgende besonderhede meegedeel word: die kursus vir matrikuleerde studente loop oor twee jaar, dié vir ongematrikuleerdes duur drie jaar; die leergeld is twee pond per kwartaal; studente kan kies tussen klasonderwys en onderwys per brief; die skooljaar begin op 20 Januarie 1923.
5. Verklaar die volgende sinne:
  - (a) Oos wes, tuis bes.
  - (b) Geld wat stom is, maak reg wat krom is.
  - (c) Ek is vrygestel van twee eksamenvakke.
  - (d) Nà twee dae is die gevangene weer op vrye voet gestel.
6. Skrywe sinne wat die teenoorgestelde betekenis het van die volgende:
  - (a) My pa is vandag tuis.
  - (b) Ek voel my tuis by my oom.
  - (c) Die werk is maklik.
  - (d) Daardie student werk sistematies.
7. Gebruik in sinne: *les leer, 'n leersak, 'n houtleer, 'n lêr vin tienduisead man, 'n lêr wyn.*

\*Werklike koerantadvertensies behoort aan die leerlinge gewys te word.

†Skryfbloukpapier behoort gebruik te word.

1. Lees :

### Advertensies.\*

- (a) BENODIG, seun en dogter van omtrent 13 jaar, om algemene kantoorwerk te leer ; meld skoolstanderd bereik ; goeie vooruitsigte. Doen aansoek by J. Wappenaar, Bus 403, Kimberley.
- (b) VERLOOR, leerbeursie met geld en reis-kaartjie, Johannesburg na Pretoria ; buurt van Eloffstraat ; beloning. Skryf aan F. Prinsloo, 24 Simmondsstraat, Braamfontein.
2. Veronderstel dat jy verplig is om die skool te verlaat rá Standaard VI, en skrywe 'n antwoord op die eerste advertensie.  
Skrywe 'n poskaartjie aan Mnr. F. Prinsloo, waarin jy hom meedeel dat jy die verlore beursie opgetel het.
3. 'n Vreemde hond het by julle aangekom en hom somar tuisgemaak. Skrywe 'n advertensie uit wat jy in die koerant sal plaas.  
Skrywe ook die antwoord van die eienaar in briefvorm.
4. Let op die samestelling *leerbeursie* en skrywe sinne met ses soortgelyke samestellings, d.w.s. samestellings waarvan die eerste deel die *stof* aandui, waarvan die artikel gemaak is.
5. Let op die samestelling *Simmondsstraat*. Ons skrywe ook as een woord *Brakrivier*, *Tafelberg*, *Brandvlei* en alle aardrykskundige name waarvan die laaste deel 'n *soortnaam* is. Soek nog tien sulke samegestelde woorde.
6. Verklaar die volgende uitdrukkings :
- (a) Ek het toe melding gemaak van daardie feit.
- (b) Daar is pragtige vooruitsigte vir jongkêrels in die handel.
- (c) Mnr. S. is nie vandag op sy kantoor nie.
- (d) Geld wat stom is, maak reg wat krom is.

\*Werklike koerantadvertensies behoort getoon te word.

1. Lees :

**'n Bewys.\***

£30.

Kimberley,

10 Mei 1922.

*Ek, die ondergetekende, belowe om te betaal, drie maande ná hierdie datum, aan Mnr. Jan Winterbach, of order, aan die Standaard-Bank, Warrenton, die som van twintig pond sterling met rente teen 8 persent per jaar, vir waarde ontvang.*

gd.

10.5.22.

J. F. Dreyer.

J.F.D.

2. Vertel in jou eie woorde wat Mnr. Dreyer belowe om te doen.
3. Wat beteken die uitdrukking *of order, aan die Standaard-Bank, vir waarde ontvang* in hierdie dokument.
4. Skrywe bewyse uit wat die volgende transaksies voorstel :
  - (a) Jy koop vandag 'n perd van F. Ziervogel vir £22 en julle kom ooreen dat jy die bedrag ná affoop van 'n maand moet betaal.
  - (b) James Watson skuld vir jou £50 en hy het gister belowe om, ná twaalf maande, die bedrag met rente teen 7 persent te betaal aan die Afrikaanse Bank-Korporasie op Lydenburg.
  - (c) Twee veekopers onderneem om £200 aan 'n sekere boer te betaal ses maande ná hulle die vee gekoop het. Die bewys dra rente teen 6 persent.
  - (d) 'n Vrind skuld jou £5 en belowe vandag om dit ná ses maande te betaal.

\*Dis wenslik dat leerlinge kennismaak met bewysvorms.

1. Lees :

### Boodskappe.

- (a) „Loop gou na die dokter, Willem, en sê ek vra of hy nie asseblief gou hiernatoc sal kom nie. Sê vir kom Lenie het gister opgestaan maar vanmiddag het sy weer 'n hoë koors.”
- (b) „Willem, jy kan vir Mevr. van der Merwe gaan vra of Piet en Bettie vanmiddag hier by ons kan kom koffie drink en pannekoek eet. Sê dat dit jou verjaarsdag is.”
2. Veronderstel dat jy Willem is en skrywe neer presies wat jy (a) aan die dokter, (b) aan Mevr. van der Merwe sal sê.
3. Bring ook boodskappe terug (a) van de dokter, (b) van Mevr. van der Merwe.
4. Let op die volgende twee sinne :
- (a) Ons het 'n goeie dokter op ons dorp ; sy naam is Beyers.
- (b) Daardie man is 'n dokter in die wetenskap ; sy naam is Marais.
- Dokter* beteken geneesheer ; *doktor* is 'n geleerde titel. Die verkorte vorm van albei is *Dr.* Hierdie verkorting staan altyd voor die naam, bv. Dr. Hanau. Anders word die woorde voluit geskrywe : Beste Doktor ; daar loop 'n dokter.
5. Die volgende titels word altyd agter die naam geplaas : M.D. ; D.Sc. ; M.B. ; B.A. ; M.A. ; M.Sc. ; L.V. ; L.P.R. ; L.U.K.
- Skrywe name van persone met hierdie titels daarby. Wat beteken die titels ?

Koop eers Juta se **Afrikaanse Verhaaltjies** voor u ander stories by die stel- en spreekonderwys gebruik. Prys 1/6.

## 1. Lees :

**Direkte en Indirekte Rede.\***

„Daar is eindelik weer vrede is die wêreld.”

„Hoeveel mense begryp die betekenis van die Groot Oorlog?”

„Gaan huistoe en studeer hierdie groot vraagstuk.”

Hierdie sinne is gebruik deur 'n sekere spreker op 'n vergadering. Hulle bevat die *werklike* woorde van die spreker. Die eerste sin is 'n *verklaring*, die tweede 'n *vraag* en die derde 'n *bevel*.

2. As ons die toespraak in die koerant lees, dan staan hierdie sinne daar anders: Spreker het verklaar dat daar eindelik weer vrede in die wêreld is. Hy wou weet hoeveel mense die betekenis van die Groot Oorlog begryp. Hy raai sy gehoor aan om huistoe te gaan, en daardie groot vraagstuk te studeer.

Hier het ons die *gerapporteerde* woorde van die redenaar. Ons gebruik ook die benamings *direkte rede* en *indirekte rede* om die twee te onderskei.

3. Skrywe oor as indirekte rede :

„Oorweeg u uitspraak deeglik,” sê die regter aan die jurie.

„Is alles nou reg, sodat ek môre vroeg kan vertrek” ? vra hy vir my.

„Ja, Neef,” sê Oom, „dis alles goed en wel ; maar dit lyk vir my of Tas ook 'n taamlieke droë keel het. Hy is altyd klaar vir 'n paar koppies tee of vir twee of drie glasies wyn.”

4. „Elk stem glad nie in met wat die openaar gesê het nie,” vervolg die teenstander. „Wat sal van ons land word as die boerdery tot stilstand kom ? Ek gee toe dat die staat baie geld uit die myne trek, maar uit die boer se sak word nog baie meer gehaal.”

5. Watter veranderings het jy sover geleer om te maak, as jy direkte rede in indirekte wil verander ?

\*Uittreksels uit koerante behoort in verband met hierdie oefeninge aan die leerlinge voorgelees te word.

## 1. Lees :

Dit is twaalfuur in die nag. Ek staan op die treinbrug. Voor my strek die vlaktes van die Vrystaat hulle uit. Agter my lê 'n paar golwende heuwels in Transvaalse gebied. Alles is doodstil. Die stilvloeiende water van die Vaalrivier lyk soos 'n laken van silwer. Die maan skyn helder.

## 2. Vrae :

Hoeveel *werkwoorde* of *gesegdes* is daar in hierdie stukkie ?

Hoeveel sinne is daar ?

Is daar woorde wat twee of meer van die sinne aanmekaar koppel ?

Is daar enige *verband* tussen die sinne afgesien van die betekenis ?

Hoe heet sulke alleenstaande sinne ?

3. Koppel die eerste twee sinne met die koppelwoord *en*, die derde en die vierde met *maar*, die sesde en die sewende met *want* en skrywe die stuk dan weer uit.

Watter van die twee stukke lees nou die gladste en aangenaamste ?

4. Gebruik een of meer van die koppelwoorde *maar*, *dog*, *of*, *en*, *want* om die volgende sinne te verbind, waar dit moontlik is : Piet is tein jaar oud. Maria is elf. Die twee magnie laat slaap nie. Hulle moet vroeg opstaan. Saans oet hulle vroeg. Pa het honger. Ma is vaak.5. Doen ook so met *dus*, *daarom*, *derhalve*, *nogtans*, *daarenteë*, maar let op, dat hierdie koppelwoorde die onderwerp en gesegde van die tweede sin laat plekke omruil : Die weer steek op. Dit sal reën. Jy moet gaan. Ek bly tuis. Buite is dit koud. Binne is dit warm. Dit is al laat. Ek moet nog werk.6. Twee of meer enkelvoudige sinne, wat deur bowgenoemde woorde gekoppel word, maak 'n *veelvoudige sin* uit. Die sinne waaruit hy bestaan staan in *newenskikkende* verband.



## 1. Lees :

Dit was tienuur in die môre. Ek kom op die plaas aan. Op die stoep sit 'n ou man. Hy heet my hartlik welkom. Ek klim af van my perd. Ek kom in die voorhuis. Dit is smaakvol gemeubeleer. Ek gaan sit. 'n Meid kom binne met 'n koppie koffie. Ek kry die geur van die koffie eerste.

2. Koppel die eerste twee sinne met die koppelwoord *toe*, die derde en die vierde met *wat*, die sesde en die sewende ook met *wat*, die agste en die neënde met *toe*, die noënde en die tiende met *waarvan*.  
Skrwyf die stuk so uit.

Watter lees die natuurlikste en lekkerste?

3. Koppel die sinne in die volgende stuk waar dit moontlik is deur middel van een of meer van die woorde *wat toe*, *omdat*, *waarheen*, *waarin*, *van wie*.

Jan van Riebeeck het in 1652 hier geland. Hier was net inboorlinge. Hulle was onbeskaaf. Die kommandeur het dadelik 'n fort gebou. Hy was bevrees vir aanvalle van wilde diere en van die inboorlinge. Hottentotstamme het nou en dan by die Kaap gekom. Van hulle het die kommandeur skape gekoop. Van Riebeeck was tien jaar hier. Die kompanjie het hom toe na Java gestuur. Hy wou graag daarheen gaan.

4. Twee of meer enkelvoudige sinne, wat deur bowgenoemde woorde verbind word, maak 'n *samegestelde sin* uit. Een van die dele van 'n samegestelde sin is altyd die hoofsin; die ander is ondergeschik aan die hoofsin en staan dus in *onderskikkende* verband.

## 1. Lees :

- (a) Eindelik kom die generaal op die toneel. Hy rig toe 'n woord tot die leër.
- (b) Ek kan nie loop nie. Ek is te swak.
- (c) Hier is die man. Hy het die koerant gekoop.
- (d) Ek kom by die huis aan. Die eienaar was nie tuis nie.
- (e) Om vieruur kom jy terug. Loop haal die geweer. Hy staan in my kantoor.

2. Verander : (a) in 'n veelvoudige sin en ook in 'n samegestelde sin ; (b) in 'n veelvoudige sin, en ook in 'n samegestelde sin ; (c) in 'n samegestelde sin ; (d) in 'n veelvoudige sin een ook in 'n samegestelde sin : (e) in 'n samegestelde sin.
3. 'n Goeie skrywer maak gebruik van al drie soorte sinne : *enkelvoudige*, *veelvoudige* en *samegestelde*. 'n Stuk wat net een soort bevat word eentonig. As 'n mens van al drie soorte gebruik maak, kan jy jou gedagtes ook makliker en mooier uitdruk, want al ons gedagtes pas nie goed in dieselfde soort sin nie. Die beste stiliste weet presies watter soort sinne hulle elke maal moet gebruik. soos die agtereenvolgende gedagtes by hulle opkom.
4. Let op die *soorte sinne* wat in die volgende paragrawe voorkom :—

„ Op 10 Oktober 1825, is daar op die plaas Vaalbank, distrik Colesberg, 'n kind gebore wat bestem was om 'n groot rol te speel in die geskiedenis van Suidafrika. Dié kind was Stephanus Johannes Paulus Kruger. Sy vader was Casper Kruger en sy moeder was Eliza Steyn.”

„ Dis 'n piekniek van veertien dae vir die hoerense en natuurlik is daar dan ook 'n groot skyfskietery. Ons mond water as ons daaraan dink. Laat ons nou na die Papegaaiberg gaan. Al die mans, oud en jonk, stroom daarnatoe. en die vrouens en meisies en kinders ook. Daar staan die skyf. Dis 'n houtvoël aan 'n paal vasgespyker. Sy vlerke staan wyd oop. Dit lyk nes 'n papegaaï.”

1. Lees :

**'n Oproerige vergadering.**

- Ofskoon 'n dringende telefoniese boodskap vroeg in die voormiddag tot die generaal gerig is, het hy versuim om sy verskyning op die bepaalde tyd te maak. Daar het groot drukte in die saal geheers. Dreigende uitroepe uit die mond van opgewonde persone weergalm deur die gebou ; by die ingang staan nog 'n massa mense, vir wie daar geen ruimte meer is nie, maar wat mekaar vertrap om toegang te kry.
2. Veronderstel dat jy teenwoordig was op daardie vergadering en gee 'n beskrywing van wat jy in die saal gesien en hoor het.
3. Gee 'n beskrywing van wat gebeur het gedurende die eerste vyf minute ná die generaal opgedaag het.
4. Wat beteken die volgende sinne :
- (a) Daardie man het sy plig versuim.
  - (b) Hierdie boek het al verlede jaar verskyn.
  - (c) Jy moet by hom aandring dat hy ons help.
  - (d) Die spreker se woorde vind geen ingang by die gehoor nie.
  - (e) Die toegangsprys is twee sielings.
  - (f) Die dominee het net 'n kort woord tot die mense gerig.
  - (g) Ons moet nog die uur en dag bepaal vir die voetbalwedstryd.
  - (h) Die werkloosheid is een van die treurigste na-oorlogse verskynsels.
5. Gee 'n mondelinge beskrywing van enige vergadering wat jy self bygewoon het.

1. Maak volledige stories op uit die volgende :

- (a) 'n Hond het 'n stuk vleis gesteel—kom by 'n rivier—sien sy skaduwee in die water—dink dis ander hond met ander stuk vleis—hap—sy eie stuk vleis val in die water.
- (b) Jakkals was in die slagyster—sy stert het agtergebly—was skaam—roep al die jakkalse bymekaar—vertel hoe lekker dit is sonder stert—'n stert is lelik en van geen nut nie—raai almal aan om hulle sterte te laat afkap—'n ou jakkals lag hom uit—hy sê as die ander sy stert kon terugkry, hy nie so 'n voorstel sou maak nie.

2. Plaas gepaste opskrifte by die verhale.

3. Skrywe sinne met *hoefyster*, *strykyster*, *slagmes*, *slaghuis*, *slagskaap*.

4. Skrywe sinne met die teenoorgestelde van : *ander agtergebly*, *skaam*, *lekker*, *nuttig*, *aanraai*.

5. Maak *samegestelde sinne* uit :

(a) Hy hap na die ander stuk vleis en sy eie drywe af.

(b) Die jakkals hou 'n vergadering ; hy het 'n afstert.

(c) Jakkals is skaam ; sy stert het agtergebly.

(d) Die ou slim jakkals het hom uitgelag.

6. Skrywe die tweede storie as direkte rede, soos die ou jakkals dit sou oorvertel het.

7. Skrywe die direkte woorde van die ou jakkals se storie weer oor as *indirekte* rede.

## 'n Debat.

1. „Wat is beter, stadslewe of plaaslewe”? Die inleier kan o.a. die volgende punte aanroer ten gunste van die plaaslewe :
- (a) Die skoon en suiwer lug van 'n plaas is gesond.
  - (b) Die boer se werk maak hom liggaamlik sterk en gesond.
  - (c) Melk, eiers, botter, groente en vleis is vars en maklik verkrybaar op 'n plaas.
  - (d) Die boerdery is nie so wisselvallig as die meeste soorte stadsbesighede nie.
  - (e) Die boer kan stadsvoorregte op sy plaas geniet : sport, geselligheid, skole, boeke, koerante.
  - (f) Die boer is onafhanklik van ander mense ; hy is sy eie baas.
2. Wat kan jy as teenstander aanvoer om hierdie punte van die inleier te weerlê ?
3. Noem argumente op ten gunste van die stadslewe.
4. Probeer om jou eie argumente ten gunste van die stadslewe te verswak of te weerlê.
5. Verklaar die volgende uitdrukkings :
- (a) Die boer is van sekere voorregte verstoke.
  - (b) Ons kry ook les in gesondheidsleer.
  - (c) Jan is afhanklik van sy oom.
  - (d) Dit ontbreek my aan liggaamlike krag.
6. Gebruik die volgende woorde in sinne : *gunsteling, redeneer, werkkring, weerlê, verlé, lugvaart, afleier, afleiding.*
7. Maak 'n kort opstel oor *Oestyd* of *Ons Bioskoop*.

## 'n Debat.

1. „Was die lewe van die Voortrekkers vryer en gelukkiger as ons lewe vandag”? Dit is die onderwerp van die debat. Ten gunste van die Voortrekkerslewe kan o.a. gesê word :
  - (a) Die Voortrekkers was vry om te gaan waar hulle wou.
  - (b) Die land was leeg, wild was volop en kos maklik te vind.
  - (c) Hulle het eenvoudig en onbekommerd gelewe.
  - (d) Hulle het 'n gesonde lewe gelei in die ope lug.
  - (e) Hulle het nie geja na rykdom, weelde en pragtige modes soos ons nie.
  - (f) Hulle het geen belastings betaal nie.
  - (g) Die kinders moes nie jare lank skoolgaan nie.
2. Veronderstel dat jy die teenstander is ; neem hierdie ses puntjies een vir een en probeer bewys dat daar nie veel in hulle sit nie. Bv. (a) Hulle kon gaan waar hulle wou, maar waarheen was dit veilig en die moeite werd om te gaan? Party streke van die land was ongesond ; in ander streke was die inboorlinge te gevaarlik ; sommige streke was onvrugbaar en ongeskik vir vee, ens.
3. Noem nou ook bewyse op dat ons vandag daar beter aan toe is as die Voortrekkers.
4. Noem nadele van die hedendaagse lewe, waarop die inleier van die debat behoort te wys.
5. Omskrywe die volgende sinne sodat die betekenis duidelik is :
  - (a) Die inleier staaf sy bewerings deur middel van geskiedkundige feite.
  - (b) Die teenstander moet die argumente van die inleier weerlê.
  - (c) Die vergadering was unaniem ten gunste van die opponent.
  - (d) Om tienuur het die vergadering verdaag.
6. Maak 'n kort opstel oor *Ons laaste Dingaansfees* of *Nagmaal op die dorp* of *Ons woeligste straat*.

